

14 Mei

Skrifgedeelte: Rigters 10:6-11:26

Fokusgedeelte: Rigters 10:16

Die Here vra bekering

In hierdie gedeelte het ons met 'n keerpunt in die boek Rigters te doen. Tot dusver het die verbondsvolk van die Here weggedwaal en dan het Hy hulle weer gered as hulle na Hom geroep het. Nou het die volk egter sewevoudig (volledig) afvallig geraak. Hulle het die Baäls, Astartes, gode van Sidon, gode van die Arameërs, dié van die Moabiete, Ammoniete en Filistyne gedien. Enige ander god is bo die Here verkies! Daarom gee die Here hulle oor in die hande van die Ammoniete en die Filistyne. Dan lees 'n mens die verskriklike woorde: "Van toe af het die Amoriëte die Israëliëte in Gilead agtien jaar verdruk en mishandel."

Hou ons swaarkry in hierdie land nie verband met ons afvalligheid nie?

En dan bekeer Israel hulle so maklik weer! Hulle bely selfs hulle sonde. Hulle harte was egter nog ver van die Here af. Daarom wys Hy hulle op die sewe keer wat Hy hulle in die verlede verlos het. Hy het hulle volledig verlos, maar hulle beantwoord sy verlossingswerk met volledige afvalligheid. Die Here sê Hy wil hulle nie meer verlos nie: "Gaan roep tot die gode wat deur julle gekies is. Laat hulle julle red noudat julle swaarkry".

Dan eers kom hulle by ware sondebelydenis en ware bekering. Dan eers verwyder hulle die ander gode tussen hulle uit en dien weer die Here. Hy maak 'n end aan hulle swaarkry, maar Israel het nog steeds nie volledig na die Here teruggekeer nie. Hulle soek nie die Here se heerskappy nie. Hulle soek nog 'n aardse koning. En dan stuur die Here vir Jefta – 'n rigter wat hulle geestelike bankrotskap vir hulle sal uitbeeld en sodoende sal aantoon dat Christus die enigste ware Verlosser kan wees.

Sing: Psalm 51:2

Ds DJ de Kock (Pietersburg-Suid)